SPIRAALBLOKKIESRAAISELS (Woordspel Gr 10-12 KABV)

Spiraalblokkiesraaisels is tipiese kriptiese blokkiesraaisels.[1]

"Die wêreld van die kriptiese raaisel is 'n woordwêreld vir die fynproewer. Woordeboeke beskryf "kripties" nie verniet as duister, geheim, verborge en selfs misties nie. Die kriptiese leidraad probeer jou om die bos lei, dit speel wegkruipertjie met jou logika en denkpatrone. 'n Goed saamgestelde kriptiese raaisel is 'n ware Da Vinci-kode in die kleine".[2]

Skeppers van kriptiese blokkiesraaisels is mense wat met woorde speel, wat die gawe besit om woorde wat saamgegooi is in gegewe geometriese patrone raak te sien – hulle is in staat is om hierdie woorde te verdraai tot 'n spel wat dans op die vernuf van die menslike brein.[3]

Let op na die sogenaamde *aanwysers*. Dit is woorde wat geen ander funksie het nie as om bloot vir jou 'n aanduiding te gee van watter soort leidraad jy mee besig is. Aanwysers is woorde soos *terug, vorentoe, agtertoe, retireer*, of selfs *oos-* of *weswaarts beweeg*.

'n Gewilde leidraad is die anagram. Hier word die letters van 'n woord herrangskik om 'n ander woord te vorm. Die woord *toeris* is 'n anagram vir *storie*. 'n Tipiese kriptiese leidraad hiervoor kan wees: *Verhaal van beskonke toeris.* Die woord *verhaal* is die definisie vir die antwoord *storie*, die aanwyser is *beskonke*, terwyl *toeris* die anagram self is. Anagram-aanwysers sal byna altyd 'n mengsel of verandering of skommeling impliseer.

'n Ander leidraad is die woord- en lettergreep-raaisels ("charades") wat saam met anagramme maklik twee derdes van die leidrade in 'n tipiese kriptiese raaisel vorm. By 'n *charade* word die antwoord (vorentoe of agteruit) in lettergrepe opgebreek en elke deel kry 'n afsonderlike leidraad. By woord- en lettergreep-raaisels moet elke lettergreep van die woord wat gevind moet word, aangedui word deur 'n woord wat selfstandig betekenis het.[4] 'n Voorbeeld hiervan is die woord belydenis > vorentoe en agteruit het die lettergrepe elk 'n betekenis as selfstandige woord: be + ly + de + nis (vorentoe) en sin + ed + yl + eb (agteruit). Verder kan dit as **afgeleide palindrome** gesien word.

Palindome (omkerings) is leidrade wat van agter af, d.w.s. van regs na links, gelees word, bv. moord wat droom word, of maan/naam, of pak/kap – hierdie soort palindrome is **indirekte palindrome**. Wanneer 'n omgekeerde woord dieselfde bly, word dit 'n **direkte palindroom** genoem, bv. *non, lepel, abba* of *ete*.

Slakkie: ‘n Eenvoudige voorbeeld van ‘n spiraalblokkiesraaisel



Leidrade:

Van binne na buite:

NO	Leidraad	ANTWOORD
1-4	Flinkvoetig	rats
5-11	Vlamblom	floksie
12-17	Klein kêreltjie	buksie

Van buite na binne:

NO	Leidraad	ANTWOORD
17-16	Koop iets vir ‘n appel en ‘n …	ei
15-12	Harde velplaat van reptiele	skub
11-9	Gebiedende versoek	eis
8-5	Krieketspaan	kolf
4-1	Rigied	star

Eindnotas om bronne aan te dui waaruit inligting deur Estelle Kruger saamgestel is:

---

[1] https://www.litnet.co.za/pharos-blokraaiwoordeboeke-n-onderhoud-vir-blokraaiselliefhebbers/
[2] https://www.ofm.co.za/article/yellow-door/122562/n-blog-oor-blokkies
[3] https://www.crosswordtournament.com/more/wynne.html
[4] Van Wyk, G.J. (red.) 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

(Geredigeer deur Marianne Strydom)

Kliek op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaai is

Loer hier vir ‘n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo’s** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.